| | |
|---|---|
| Rapporteerbaar: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Regters: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Landdroste: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Streeklanddroste: | Ja / Nee |

# IN DIE HOëHOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Hoëhof, Kimberley)

Saak No: 615/2009
Saak Aangehoor: 26/06/2009
Datum gelewer: 10 /07/2009

**In die saak tussen:**

Mathys Daniel Oberholzer — Applikant

en

J & N Boerdery — 1st Respondent
Nicolaas Burgert van der Westhuizen — 2de Respondent

**Coram: Henriques WnR**

## UITSPRAAK

**Henriques WnR:**

**Inleiding:**

1. Die applikant het aansoek gedoen vir 'n bevel in die volgende terme:

"1. *Dat die applikant se versuim om aan die bepalings van Reël 6(5) van die Eenvormige Hofreëls met betrekking tot vorm, betekening en tydperke gekondoneer word en dat hierdie*

*aansoek aangehoor word op 'n dringende basis in terme van Reël 6(12)(a) & (b) van die Eenvormige Hofreëls.*

2. *Dat die huurooreenkoms tussen die partye, se kansellasie op 15 Desember 2008 hiermee bekragtig word, alternatiewelik dat die huurooreenkoms hiermee gekanselleer word.*

3. *Dat die 1ste en 2de respondente, sowel as enigiemand wat deur of saam met hulle okkupeer, onmiddellik uitgesit word van al die weidingskampe van die plaas Vleiplaas, 7099 hektaar groot en volgens transportakte T93675/1993 beskryf as:*

3.1. *die plaas Disstelkel no 157 (5723, 3468 ha);*

3.2. *gedeelte van die Kraanvogelvlei nr 174 (241, 259 ha);*

3.3. *restand van die plaas Vogelkuil nr 176 (615, 0885 ha);*

3.4. *gedeelte 3 (gedeelte van gedeelte 2) van die plaas Kliphokjes nr 173 (520,2475 ha);*

*alternatiewelik binne sodanige periode as wat bogemelde Agbare Hof in sy diskresie mag goedvind.*

4. *Dat die balju van bogemelde Agbare Hof gemagtig, gelas en beveel word om die 1ste en 2de respondente, sowel as enige iemand wat deur of saam met hulle okkupeer (sowel as hul vee en goedere), te verwyder en uit te sit van al die weidingskampe van die plaas Vleiplaas, 7099 hektaar groot en volgens transportakte T93675/1993 beskryf as:*

4.1.*die plaas Disstelkel no 157 (5723, 3468 ha);*

4.2.*gedeelte van die Kraanvogelvlei no 174 (241, 259 ha);*

4.3.*restand van die plaas Vogelkuil no 176 (615, 0885 ha);*

*gedeelte 3 (gedeelte van gedeelte 2) van die plaas Kliphokjes no 173 (520,2475 ha)*

5. *Dat die eerste en tweede respondente gesamentlik en afsonderlik gelas word om die koste van die aansoek te betaal.*

**<u>Die Stukke</u>:**

6. In die funderende eedsverklaring meld Mathys Daniel Oberholzer aan as volg.

7. Die eerste respondent J & N Boerdery 'n vennootskap is van Loxton. Die tweede respondent seteer hy as 'n lid van die vennootskap. In paragraaf 5 van sy verklaring sê hy dat dit nie duidelik uit die huurooreenkoms tussen die partye blyk, of J & N Boerdery 'n regspersoon by wyse van 'n trust, beslote korporasie ens is nie. Hy sê ook dat sy prokureurs navraag gedoen het by die respondente se prokureurs, maar is net in hierdie verband ingelig dat dit 'n vennootskap was. Verdere inligting is deur die respondent se prokureurs geweier.

8. Die eerste respondent wat verteenwoordig was deur die tweede respondent het 'n huurooreenkoms met die applikant gesluit op

11 April 2006. 'n Afskrif van die huurooreenkoms is aangeheg as aanhangsel A. In terme van hierdie huurooreenkoms het die eerste respondent Vleiplaas van die applikant gehuur vir 'n tydperk van 5 jaar, vanaf 1 April 2006 tot en met 31 Maart 2011.

9. In terme van klousule 12 van die huurooreenkoms het die applikant die reg by wanbetaling van die huurgeld, of indien die eerste respondent enige van die voorwaardes van die huurooreenkoms verbreek, om die ooreenkoms onmiddellik te kanselleer en besit te neem van die eiendom sonder om afbreek te doen van enige eise om skadevergoeding wat die applikant mag instel.

10. Van 'n lesing van klousule 12 van die huurooreenkoms is dit duidelik dat klousule 12 ook verder gaan. Dit maak voorsiening vir die betaling van rente indien enige huurgeld nie stiptelik betaal word op die dag waarop dit betaalbaar is nie. Verder maak dit voorsiening dat die kontrak ook onmiddellik beeindig word.

11. In terme van klousule 2 van die huurooreenkoms was die eerste respondent verplig om betalings van die huurgeld te maak voor of op die 1ste dag van elke maand. Die applikant sê in sy aansoek dat die eerste respondent nie stiptelik die huurgeld elke maand betaal het nie. Ter stawing van hierdie feit heg hy aanhangsel C aan wat 'n skedule van betaling deur die eerste respondent is. As 'n mens kyk na aanhangsel C blyk dit dat die huurgeld nie stiptelik betaal is voor of op die 1ste dag van elke maand nie en dat dit die posisie is vanaf 2006 toe die huurooreenkoms al begin het.

12. Die applikant gaan verder en sê dat gedurende Augustus 2007 het hy agtergekom dat die eerste respondent meer as die

toegelate hoeveelheid van 1 200 skape op Vleiplaas aanhou. In terme van klousule 3 van die huurooreenkoms, is die eerste respondent toegelaat om 'n maksimum van 1 200 skape op die plaas te hê. As die eerste respondent meer vee aangehou het as wat in die huurooreenkoms bepaal was, dan sou die eerste respondent aanspreeklik wees vir 'n boete. Die eerste respondent het die vee getalle oorskry en moes 'n boete op 10 September 2007 betaal. Die applikant sê ook dat hy vermoed het dat die eerste respondent weer die getal oorskry het. Maar meer besonderhede oor die oorskryding is nie verskaf nie.

13. In terme van klousules 8 en 15.1 van die huurooreenkoms moes die eerste respondent behoorlike grondbewaring toepas en boer volgens aanvaarbare boerderypraktyke. Die applikant sê dat hy reeds op twee geleenthede teenoor die eerste en tweede respondent aangedui het, dat hy die veegetalle op Vleiplaas wil kontroleer. Die eerste respondent het nie soos dit in terme van klousule 3 van die huurooreenkoms verplig was om te doen, aan die applikant die nodige hulp by wyse van mannekrag en voertuie beskikbaar gestel nie.

14. Hy maak ook melding van die feit dat die eerste respondent sekere van die kampe oorbewei terwyl sekere weikampe glad nie benut word nie en is die eerste respondent besig om die waterbane in die somer te bewei wat indruis teen alle grondbewaringsbeginsels. Hy sê ook dat hierdie wanpraktyke van die eerste respondent daartoe gelei het dat die weiveld van Vleiplaas in 'n skokkende toestand is weens oorbeweiding en vertrapping.

15. In terme van klousule 4 van die huurooreenkoms is die eerste respondent ook verplig om alle windpompe, damme, krippe en

watervoorsienings in stand te hou, maar versuim die eerste respondent om dit te doen. Hy noem as voorbeelde dat die sonpomp in Langrandkamp alreeds sedert Mei 2008 buitewerking is, dat die sementdam alreeds vir maande leeg staan sonder water wat tot gevolg sal hê dat die sementdam uitgebou sal moet word en 'n nuwe vloer ingesit moet word.

16. Die applikant steun ook op paragraaf 15.6 en 15.4 van die huurooreenkoms om te sê dat die eerste respondent die huurooreenkoms nie nagekom het nie. In terme van klousule 15.6 mag die eerste respondent nie bome uitkap en verwyder nie, maar sê die applikant dat die eerste respondent die bepalings verontagsaam het en voortgegaan het om bome aan die oostekant van die windpomp af te saag.

17. In terme van klousule 15.4 van die huurooreenkoms moes die eerste respondent skadelike gewasse op Vleiplaas uitroei. In die verband sê die applikant dat die eerste respondent nie die ooreenkoms verontagsaam nie, en nie die boetebos op Vleiplaas uitgeroei nie. Hy sê dat die eerste respondent net 'n halfhartige poging aangewend het om die boetebos te steek.

18. Die applikant sê dat hy baie versoeke aan die eerste respondent gerig het om by die terme van die huurooreenkoms te hou, maar omdat die eerste respondent bloot voortgegaan het om sy verpligtinge in terme van die huurooreenkoms te ignoreer en die terme daarvan te verbreek het hy gedurende Desember 2008 opdragte aan sy prokureurs mnre Kempen en Kempen gegee om die huurooreenkoms summier te kanselleer in terme van klousule 12 van die huurooreenkoms.

19. Op 15 Desember 2008 het mnre Kempen en Kempen 'n brief aan die eerste respondent gestuur waarin die eerste respondent in kennis gestel word dat die huurooreenkoms gekanselleer word op grond van die eerste respondent se kontrakbreek. 'n Afskrif van hierdie brief is aangeheg as aanhangsel D.

20. In hierdie brief steun die applikant op die volgende twee bepalings van die huurooreenkoms wat nie nagekom is nie vir die kansellasie naamlik:

> "*1. Die huurgeld nie stiptelik op die eerste dag van elke maand betaal word nie, waar die huurgeld wel vir 'n gedeelte van die jaar maandeliks betaal moet word.*
>
> *2. U die bewydingsgetalle soos bepaal in die ooreenkoms oorskrei soos deur hom getel op 11 Desember 2008 met 58 skaap in Vleikamp.*."

21. Die kansellasiebrief van 15 Desember 2008 gaan verder en mnre Kempen en Kempen maak melding van die feit dat dit die tweede geleentheid is wat die eerste respondent die beweidingsgetalle soos bepaal in die huurooreenkoms oorskry.

22. Die eerste respondent se prokureurs het op 16 Januarie 2009 op hierdie "*kansellasiebrief*" gereageer. In die brief wat as aanhangsel E aangeheg is, ontken die eerste respondent dat hy die bepalings van die huurooreenkoms verbreek het. Tweedens dat hy nie die kansellasie aanvaar nie en derdens ontken hy dat die applikant geregtig was om die huurooreenkoms te kanselleer. Die eerste respondent se prokureurs maak ook melding dat die eerste respondent van mening is dat die applikant se gronde van kansellasie nie *bona fide* was nie en dat die rede vir die

kansellasie is dat die applikant 'n koper vir die plaas gekry het en nie by die twee jaar huurtermyn van die huurooreenkoms wat nog oorbly wil volstaan nie.

23. Die applikant het niks verder gedoen nie tot en met die 6de Februarie 2009 wanneer mnre Joseph en Van Rensburg 'n brief vir die eerste respondent gestuur het oor die kansellasie van die huurooreenkoms. In paragraaf 1 van hulle brief, aanhangsel F, maak hulle melding van die feit dat mnre Kempen en Kempen prokureurs gesloer het en dit is hoekom hulle nou opdrag gekry het. In die brief word gronde van kansellasie volledig uiteengesit. 'n Nalees van paragrawe een tot agt van die brief, blyk dit dat die applikant nou uitbrei om die redes van kansellasie en nie meer net steun op die twee gronde wat uiteengesit was in die kansellasiebrief van 15 Desember 2008 nie.

24. Weereens en op die 10de Februarie 2009 het die eerste respondent se prokureur geantwoord op die brief waarin hulle weereens nie die kansellasie aanvaar nie en ook uitdruklik daarin uiteensit dat hulle van mening is dat die applikant verdere redes vir kansellasie nou wil stel. Van belang in hierdie brief is bladsy 2 daarvan op bladsy 35 van die stukke wat as volg lees:

"*4. Wat betref u dreigement om 'n dringende aansoek te bring is dit ons opdrag om die volgende op rekord te plaas:*

a. *ons kliënte huur hierdie eiendom reeds vanaf 1 April 2006 en indien die redes vir kansellasie wel bona fide is en so ernstig is soos beweer in u skrywe onder beantwoording ontstaan die vraag waarom dit nou skielik dringend geword het. Mnre. Kempen & Kempen het bepaal dat die eiendom ontruim moet word voor of op 28 Februarie*

*2009. U skrywe het dit sommer vervroeg na 20 Februarie 2009;*

b. *nòg die skrywe van mnre Kempen & Kempen nòg u skrywe maak enige gronde van dringendheid uit behalwe dat dit uit die lees daarvan duidelik blyk dat u kliënt 'n agenda van sy eie het waarom die eiendom nou skielik voor einde Februarie 2009 ontruim moet word.*

c. *enige gronde vir dringendheid (wat deur ons kliënte ontken word) is deur kliënt geskep en kan geensins as oorweging vir 'n dringende aansoek dien nie.*

d. *op u kliënt se eie weergawe is dit duidelik dat daar 'n magdom feitedispute is wat nie op aansoek (Mosie) bereg kan word nie.*

5. *Sou u kliënt gevolglik voortgaan om 'n dringende aansoek te loods is dit ons opdrag om die skrywe voor die Hof te plaas en te versoek dat uit hoofde van die stellings in paragraaf 4 hierbo uiteengesit, u kliënt se aansoek van die handgewys word met 'n bestraffende kostebevel soos tussen prokureur en eie kliënt.*"

25. Hierdie aansoek is eers op 6 April 2009 op 'n dringende basis geloods. Daar is geen verduidelikking in die stukke wat tussen die 10 Februarie en die loods van die aansoek gebeur het nie, en kon Mnr Van Tonder wat vir die applikant verskyn het, ook nie 'n verduidelikking tydens argument opper nie.

26. In die funderende verklaring op bladsy 11 van die stukke sit die applikant uiteen wat die rede vir die aansoek is. In terme van dringendheid opper applikant die volgende submissies:

26.1. Dat indien die oorbeweiding en agteruitgang van Vleiplaas nie onmiddellik gestaak word nie sal die applikant onherstelbare skade ly.

26.2. Dat sy skade bykans onmoontlik is om te kwantifiseer en hy dit nie van die respondente sal kan verhaal nie.

26.3. Dat daar geen ander remedie tot sy beskikking is as om hierdie aansoek op 'n dringende basis te loods om sy skade te beperk nie.

27. Die respondente opper die volgende punte ter opponering van die aansoek:

27.1. "*die applikant versuim het om 'n saak van dringendheid uit te maak; alternatiewelik dat sodanige dringendheid as wat mag bestaan deur die applikant sigself veroorsaak is.*

27.2. *die applikant bewus was daarvan dat daar wesenlike feitegeskille bestaan, maar desondanks nie aksieprosedure gevolg het nie.*

27.3. *die applikant versuim het om 'n noodsaaklike party, of partye tot hierdie verrigtinge te voeg.*

28. Ter ondersteuning van die feit dat die applikant nie 'n genoegsame saak vir dringendheid uitgemaak het nie en dat die

applikant bewus was van die wesenlike feitegeskille het die respondente gesteun op die volgende:

28.1.die beweerde kansellasieskrywe wat reeds op die 15de Desember 2008 namens die applikant gerig was deur mnre Kempen en Kempen, aanhangsel D.

28.2.die respondente se prokureurs se antwoord daarop van die 16de Januarie 2009, aanhangsel E.

28.3.die brief van 6 Februarie 2009, aanhangsel F, tot die funderende beëdigde verklaring waar dit aangemeld word dat die applikant se voormalige prokureur die aangeleentheid gesloer het.

28.4.die funderende beëdigde verklaring op die 26de Maart 2009 onderteken was, maar dat die kennisgewing van mosie eers op die 6de April 2009 onderteken is en op welke datum uitgereik is.

28.5.die applikant versuim het om die feite relevant tot sy versuim om die aansoek vroeër te loods en die redes daarvoor aan die hof te openbaar.

28.6.die respondente se prokureur die applikant se prokureur uitdruklik in kennis gestel het in aanhangsels E en G dat daar 'n magdom feitegeskille bestaan en dat mosieverrigtinge onvanpas is.

29. Ter ondersteuning van die verweer van wanvoeging steun die respondente op die volgende feite naamlik dat Abraham van Rooi 'n werknemer in diens van die eerste respondent is en woon vir ongeveer 2 jaar met sy gesin op die plaas en dat mev van Rooi

in diens van die applikant is as huiswerker. Die respondente se ook dat die wet op Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, 62 van 1997 van toepassing is op van Rooi.

30. Tydens die argument is daar nie voortgegaan met hierdie punt nie omdat die applikant aangetoon het dat hy nie voortgaan met die uitsetting van Abraham van Rooi en sy vrou nie.

31. Die respondente voer ook aan dat aangesien die eerste respondent ‘n vennootskap was, was dit nie nodig om die tweede respondent te siteer en ‘n party tot hierdie aansoek te maak nie. Die respondente maak melding van die feit dat die huurooreenkoms net tussen die eerste respondent en die applikant geteken was. Tweedens dat die tweede respondent nie in besit of okkupasie van die plaas was of ooit was nie en dat die eerste respondent uitsluitlik die boerdery op Vleiplaas tot sy uitsluitlike voordeel bedryf en behartig het. Die tweede respondent voer aan dat die aansoek teen hom geweier behoort te word met koste.

32. Die Eerste Respondent handel volledig met die opponering van die meriete van die saak in paragraaf 6 van die opponerende verklarings. Kortliks ter opponering van die meriete van die aansoek voer die eerste respondent as volg:-

32.1.die eerste respondent ontken dat die applikant geregtig was om die huurooreenkoms te kanselleer op 15 Desember 2008. Dit word beweer dat die eerste respondent vir die eerste keer bewus geword het nadat dit die brief van die 15de Desember 2008 ontvang het, dat die maandelikse huurbetalings laat gemaak was en dat dit deur die applikant nie op die eerste dag van die maand ontvang is nie.

32.2.die beweerde laat-betalings van die maandelikse huurgeld het met die kennis en wete van die applikant oor 'n periode van jare geskied;

32.3.die applikant het die betrokke betalings van die huurgeld onvoorwaardelik aanvaar omdat hy nie daarteen beswaar gemaak het en daarby berus het;

32.4.die applikant afstand gedoen het van die reg om ingevolge die bepalinge van die huurooreenkoms te vereis dat die maandelikse betalings van die huurgeld op of voor die 1ste dag van elke maand gedoen moet word en verder dat die applikant afstand gedoen het van enige reg om die huurooreenkoms as gevolg van die beweerde laatbetaling van die maandelikse huurgeld te kanselleer;

32.5.die applikant in die omstandighede estop is om die ware feite met betrekking tot die inbetaling van die maandelikse huurbetalings om op sy bankrekening te steun.

32.6.as die applikant die huurooreenkoms by wyse van die skrywe van 15 Desember 2008 regmatig gekanselleer het, ,wat ontken word, het die applikant afstand van sy regte as gevolg van sodanige kansellasie verwerf,  omdat die applikant sedertdien maandelikse huurbetalings aanvaar het en behou het.

33. In repliek antwoord die applikant op die bewerings wat deur die respondent in sy opponerende eedsverklaring voortgebring is. Die applikant heg aan sy repliserende verklaring 'n opinie van Dr Louis du Pisani, 'n weidingkundige van Middelburg wat gedateer Mei 2009 is. Wat ook opvallend is van die repliserende verklaring is dat

die applikant baie uitbrei in repliek en ontstaan daar submissies wat moes eintlik in die funderende verklaring gemaak geword het.

34. Nadat 'n datum vir die bestrede aansoek bekom is, het die applikant aansoek gedoen om kondonasie vir die laatbetekening en liassering van sy repliserende eedsverklaring. Hierdie aansoek om kondonasie is nie deur die respondente geopponeer nie en by die aanhoor van die aansoek is kondonasie aan die applikant verleen.

35. Op die 22ste Junie 2009, drie dae voor die aansoek, het die applikant ook aansoek gedoen om verwysing van getuienis alternatiewelik vir verhoor op 'n voorkeurdatum. Hierdie aansoek is deur die respondente geopponeer en die respondente het ook op die 24ste Junie 2009 kennis gegee van 'n aansoek om deurhaling.

36. Die respondente het kennis gegee dat hulle by die aanhoor van die aansoek deurhaling van die ondergemelde gedeeltes van die oorkonde sal versoek naamlik aanhangsel C, bladsy 26 tot 27 omdat dit ontoelaatbare hoorsê-getuienis bevat en tweedens aanhangsel A wat die opinie was van du Pisani.

37. Altwee advokate vir die partye het hoofde ingehandig. Die respondent se hoofde is baie volledig en het met al die regspunte gehandel.

38. Die prang van die argument van mnr van Tonder, namens die applikant, was as volg. Die applikant moet toegelaat word om die aansoek as een van dringendheid te bring en tweedens dat die aansoek nie van die hand gewys moes word, maar of vir

mondelinge getuienis of op verhoor gestuur moet word. Tydens sy argument kon mnr van Tonder my nie behoorlik verduidelik van die vertraging deur die applikant om hierdie aansoek te loods nie. Hy kon nie vir my 'n verduideliking gee hoekom die applikant eers nadat hy op die 10de Februarie 2009 in kennis gestel was van die respondent se voorneme om die aansoek te opponeer, hierdie aansoek in April 2009 geloods was. Hy kon ook nie 'n verduideliking aanbied hoekom die opinie van du Pisani eers in Mei 2009 verkry is en nie vroeër nie.

39. Die applikant het ook nie hierdie Hof in sy vertroue geneem om genoegsaam te verduidelik wat die redes was hoekom mnre Kempen en Kempen se mandaat beëindig was, wanneer dit beëindig was en ook nie redes aanvoer vir die versuim om in die eerste kansellasiebrief met die kontrakbreek te handel nie.

**<u>Uitspraak</u>:**

40. Dit is 'n wel bekende regsbeginsel dat 'n applikant wat mosieprosedure volg, moet sy saak in sy funderende stukke blootlê. **Sien Erasmus Superior Court Practice en National Council of SPCA v Openshaw 2008 (5) SCA 339 te bladsy 349, paragraaf 29.** 'n Applikant kan nie in mosieprosedure in repliek sy saak wil maak nie.

41. Wat die situasie vir die applikant vererger is dat sy prokureurs al reeds in Februarie 2009 bewus gemaak was van die "*magdom feitegeskille*" tussen die partye maar het voortgegaan met aansoekprosedure. Die saak word verder vererger omdat hierdie aansoek nie onmiddellik geloods was nie.

42. Tydens sy argument en ook in sy betoogshoofde het mnr van der Walt wat vir die respondente verskyn het, my versoek om die aansoek van die hand te wys as gevolg van 'n gebrek aan dringendheid. Hy het vir hierdie submissie gesteun op die feite van hierdie saak en ook die saak van **<u>Gallagher v Norman's Transport Lines (Pty)Ltd</u>** 1992 (3) SA 500 (W) te bladsy 505, paragraaf c-f.

43. Het hy ook nie met mnr van Tonder saamgestem dat die saak vir mondelinge getuienis verwys moet word nie.

44. Ek stem saam met mnr van der Walt dat in die normale gang van sake dat 'n aansoek vir mondelinge getuienis verwys sal word as die "*maklike en spoedige beslegting van sodanige feitegeskille moontlik is*". Sien in hierdie verband **<u>Wiese v Joubert en Andere</u>** 1983 (4) SA 182 (O) op 202c-e.

45. Reel 6 is wyd bewoord en gee my 'n wye diskresie as 'n saak nie beregtig kan word op die stukke ..."***to make such an order as to it seems meet with a view to ensuring a just and expeditious decision."*** **Erasmus B 1-48A, en Ploughmann NO v Pauw and Another 2006 (6) SA 334 , bladsy 340.** Ek stem saam met mnr van der Walt dat hierdie nie 'n gepaste saak is vir verwysing na mondeling getuienis nie.

46. Mnr van der Walt het ook aansoek gedoen vir 'n bevel in terme waarvan die aansoek teen die tweede respondent met koste geweier behoort te word. Mnr van Tonder kon my nie andersins oortuig dat die argumente en submissies van mnr van der Walt in hierdie verband korrek was nie. Die applikant was nie geregtig op enige bevele teen die tweede respondent nie. Tydens die loods van hierdie aansoek was die applikant al reeds bewus van die feit

dat die 'n vennootskap was, die huurooreenkoms is met die eerste respondent gesluit, dat die tweede respondent nie in besit of okkupasie van Vleiplaas was of ooit was nie en dat die eerste respondet die plaas tot sy uitsluitlike vorrdeel bedryk en behartig het. Daar is ook geen getuienis dat die vennootskap nie in staat sal wees om sy verpligtinge na te kom nie.

47. Mnr van der Walt het my ook aangemoedig om nie die optrede van die applikant te sanksioneer nie en om die aansoek vir verhoor of aanhoor van mondeling getuienis met koste te weier, alternatiewelik dat die applikant gelas behoort te word om die koste van die respondente, opgeloop ter opponering van beide die hoofaansoek en die aansoek om verhoor of mondelinge getuienis te betaal welke koste getakseer en betaal moet word voordat die applikant sy deklarasie aflewer.

48. Alhoewel ek nie die optrede van die applikant steun of kondoneer nie, moet geregtigheid tussen die partye laat geskied. Ek het 'n diskresie wat ek moet uitoefen om te voorsien dat aan die einde 'n ***"just and expeditious***" bevel gemaak word. Om dit te doen is ek van mening dat ek die applikant moet toelaat om met die saak voort te gaan.

49. Alhoewel ek van mening is dat die applikant toegelaat moet word om met hierdie saak aan te gaan kan ek nie sy optrede kondoneer nie en moet ek dan 'n gepaste kostebevel maak. Maar dit is ook gekoppel aan 'n waarskuwing dat hierdie optrede nie altyd toegelaat sal word nie.

50. In die lig van die bevel wat ek verleen is dit nie nodig om 'n bevel met betrekking tot die aansoek vir deurhaling te maak nie.

**51. Ek maak dan die volgende bevel:**

1. **Die aansoek word vir verhoor verwys op ‘n voorkeurdatum soos in oorleg met die Griffier en die Regter-President van hierdie Afdeling bepaal;**

2. **Die applikant word gelas om die koste van die eerste respondent opgeloop deur opponering van beide die hoofaansoek en die aansoek om verhoor of mondeling getuienis te betaal welke koste getakseer en betaal moet word voordat die applikant sy deklarasie aflewer;**

3. **Die applikant se kennisgewing van mosie sal as ‘n enkelvoudige dagvaardiging dien;**

4. **Die respondent se opponerende eedsverklaring sal as kennisgewing van voorneme om te verdedig dien;**

5. **Die applikant word gelas om sy deklarasie binne (15) vyftien dae na betaling van die getakseerde koste te lewer;**

6. **Die eenvormige hofreëls en prosedures sal geld met betrekking tot die verhoor van hierdie aangeleentheid;**

7. **Die aansoek teen die tweede respondent word geweier, en die applikant word gelas om die koste van die tweede respondent opgeloop deur opponering van beide die hoofaansoek en die aansoek om verhoor of mondeling getuienis te betaal.**

**J I HENRIQUES**
**WAARNEMENDE REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

| | |
|---|---|
| Nms Applikant: | Adv A G van Tonder |
| In opdrag van: | L Coetzee Prokureur |
| | |
| Nms Respondente: | Adv D van der Walt |
| In opdrag van: | Duncan & Rothman |